

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

BAREND JOHANNES PRETORIUS Appellant

en

JOY DAWN LOUDON Respondent.

Coram: RABIE, HR, KOTZÉ, JOUBERT, BOTHA et

GROSSKOPF, ARR.

Verhoordatum:

2 Mei 1985.

Leweringsdatum:

29 Mei 1985.

UITSpraak

RABIE, HR:

Die/.....

Die appellant (Barend Johannes Pretorius)

appelleer teen 'n bevel wat ná die aanhoor van 'n aansoek

in die Witwatersrandse Plaaslike Afdeling uitgereik

is en wat hom gelas om 'n BMW-motorkar, wat ten tyde

van die hofverrigtinge in sy besit was, aan die respondent

in hierdie appèl (mev. Joy Dawn Loudon, die applikant

~~in die hof a quo), as synde die eienares van die gemelde~~

motorkar, af te gee. (Om moontlike verwarring te vermy,

verwys ek na mev. Loudon as "respondent", en nie "re-

spondente," die vroulike vorm van die woord, nie.) Die

appellant was die eerste respondent in die aansoek wat

die respondent in die hof a quo aanhangig gemaak het,

en The Independent Leasing Company (Pty) Ltd (hierna

"Independent Leasing" genoem) was die tweede respondent.

Laasgenoemde/.....

Laasgenoemde, wie se betrokkenheid by die geskil tussen die appellant en respondent sal blyk uit wat hieronder gesê word, het geen stukke voor die hof a quo gelê nie en was ook nie by die verrigtinge in daardie hof verteenwoordig nie. Dit is ook nie 'n party by hierdie appêl nie.

Die feite van die saak is soos volg. Respondent het in 1981 eienaar van 'n BMW Cabriolet motor-
kar geword. Op 18 en 21 Maart 1983 het sy in koerante laat adverteer dat sy die motor wou verkoop. Op of ongeveer 23 Maart 1983 het ene Jesseman, wat te kenne gegee het dat hy 'n maatskappy met die naam Ramanch Motors (Pty) Ltd (wat as "J.P. Motors" sake gedoen het) verteenwoordig, aan respondent se eggenoot oor die tele-

foon gesê dat 'n klant van hom wat in Parys woon moontlik die BMW sou wou koop en dat die maatskappy, wat 'ek hierna "die handelaar" sal noem, graag die motor namens respondent aan dié persoon sou wou verkoop. Respondent se eggenoot, wat deurgaans namens haar opgetree het, en Jesseman het gedurende hierdie telefoongesprek met mekaar ooreengekom dat aan die handelaar magtiging verleen word om namens respondent die BMW aan sy klant in Parys te probeer verkoop; dat dit 'n kontant-verkoping teen 'n prys van minstens R23 500 moes wees; dat die verkoping voetstoots moes wees; dat die handelaar enige bedrag wat hy meer as R23 500 kon kry as sy kommissie kon neem; dat respondent die motor aan die handelaar sou oorhandig om aan sy klant te toon en dat/.....

dat dit weer aan haar teruggegee sou word nadat dit aan die klant getoon is. (Hier dien vermeld te word dat die respondent se bewerings oor wat tussen haar eggenoot en Jesseman plaasgevind het nie deur appellant betwis is nie en deur hom vir die doeleindes van die verhoor van die aansoek aanvaar is. Daar was geen verklaring van Jesseman of van enige iemand anders wat aan die handelaar verbonde was voor die hof a quo nie.) 'n Dag of wat ná hierdie telefoongesprek het respondent se eggenoot die BMW aan 'n verteenwoordiger van die handelaar afgegee om hom in staat te stel om dit aan sy klant in Parys te wys. 'n Paar dae daarna het Jesseman die respondent se eggenoot gebel en hom meegedeel dat die

BMW/.....

BMW aan die handelaar se klant, in Parys gewys is;

dat die klant die motor teen 'n prys van R24 000 wou

koop en dat hy reeds 'n deposito van R2 400 aan die

handelaar betaal het, wat die bedrag aan die respondent

sou oorbetaal; dat die handelaar reëlings sou tref

dat die balans van die koopprys deur 'n finansierings-

maatskappy aan respondent betaal word; dat die handelaar

"would prepare my (d.w.s. respondent se) car for

delivery to the customer and arrange for the necessary

documents to be prepared by me and the finance company"

(aanhaling uit respondent se beëdigde verklaring);

dat die finansieringsmaatskappy die balans van die

koopprys ná voltooiing van die dokumente sou betaal

en dat die handelaar daarna die BMW namens haar aan

die klant sou lewer.

In die loop van bogemelde gesprek het

Jesseman ook aan respondent se eggenoot gesê dat respondent

hom van 'n brief moet voorsien wat verklaar dat sy die

eienaar van die BMW is aangesien hy dit benodig vir die

reëlings wat met die finansieringsmaatskappy getref moes

word. Respondent se eggenoot het toe ene Wium, be-

sturende direkteur van 'n maatskappy, S.A.Farm Investments

(Pty) Ltd, waarvan hy (respondent se eggenoot) 'n

direkteur was, gevra om die nodige brief te skryf.

Wium het toe die volgende brief, gedateer 29 Maart 1983

en aan "J.D.Motors" gerig, op S.A.Farm Investments

(Pty) Ltd se skryfpapier geskryf:

"We herewith confirm that the BMW 320,
registration FGG700T is the sole property
of Mrs. J. D. Loudon, is fully paid for
and there are no monies outstanding to
any person, company or institution in
regard thereto."

Op 31 Maart 1983 het Jesseman die handelaar se tjek vir R2 400 aan Maria Loudon, 'n werknemer by S.A. Farm Investments (Pty) Ltd, oorhandig. Sy het aan Jesseman 'n kwitansie, deur haarself onderteken, vir ontvangs van die tjek gegee. Sy het ook die registrasiesertifikaat ("registration certificate") ten opsigte van die BMW aan hom oorhandig om die handelaar in staat te stel om die nodige dokumente voor te berei. Maria Loudon het daarna verskeie male met Jesseman oor die telefoon gepraat om te verneem waarom die aangeleentheid so sloer, maar hy het telkens 'n ekskus vir die vertraging aangevoer. By 'n latere geleentheid, nadat respondent en haar eggenoot vir 'n tydjie uit Johannesburg afwesig was, het Jesseman respondent se

eggenoot/.....

eggenoot belowe "to finalise the matter on the following day." Toe die volgende dag niks gebeur het nie, het respondent se eggenoot probeer om Jesseman in die hande te kry. Hy kon Jesseman egter nie toe, of daarna, vind nie, en dit het geblyk dat die handelaar ook opgehou het om sake te doen. Respondent het toe haar prokureurs geraadpleeg en die aangeleentheid laat ondersoek.

'n Onderzoek by die Johannesburgse Munisipaliteit het getoon dat Jesseman eiendomsoordragvorms wat voorgee dat respondent die BMW op 22 Desember 1982 aan die handelaar oorgedra het, voltooi en by die Munisipaliteit ingedien het, en dat die BMW ingevolge hierdie oordragvorms in die naam van die handelaar geregistreer is. Respondent se handtekening is op die vorm waarop sy

die motor sou oorgedra het, vervals. In Verdere ondersoek by die Munisipaliteit van Bedfordview het aan die lig gebring dat eiendomsoordragvorms wat voorgee dat die BMW deur die handelaar aan appellant oorgedra is, by die Munisipaliteit ingedien is; dat verkoopbelasting ten opsigte van hierdie oordrag op 11 April 1983 deur Independent Leasing betaal is, en dat die BMW ingevolge hierdie oordragvorms en betaling van verkoopbelasting in appellant se naam geregistreer is. Op die amptelike verkoopbelastingverklaring word aangedui dat Independent Leasing die BMW op 11 April 1983 aan appellant verkoop het.

Appellant se antwoord op respondent se beëdigde verklaring, soos vervat in sy beantwoordende

beëdigde/.....

beëdigde verklaring, kan soos volg saamgevat word..

Hy het op 8 of 9 April 1983 die BMW in die vertoonlokaal

van die handelaar gesien en het toe aan Jesseman

gesê dat hy dit wou koop. Omdat hy (appellant) self

'n handelaar in swaar handelsvoertuie is en weet dat

dit noodsaaklik is om vas te stel wie die eienaar van

'n voertuig is wanneer jy dit koop, het hy Jesseman gevra

om aan hom bewys te lewer dat hy die BMW met veiligheid

sou kon koop. Jesseman het toe aan hom die hierbo

aangehaalde brief van 29 Maart 1983, wat deur die

gemelde Wium geskryf is, getoon. Hierdie brief, sê

appellant, het hom laat glo dat hy die BMW kon koop

sonder om die gevaar te loop dat die eienaar daarvan

later die verteenwoordiger se volmag ("agent's authority")

sou/.....

sou kon betwis en, verder, dat respondent "was in fact in a position to sell the car to the dealer." Met

betrekking tot hierdie brief van 29 Maart 1983 sê

appellant verder dat dit klaarblyklik met respondent

se goedkeuring geskryf is en wel met die doel "to

constitute the dealer her agent to sell the car."

Appellant sê ook dat hy met Independent Leasing reëlings

getref het om sy koop van die BMW te finansier en dat

ingevolge daardie reëling Independent Leasing die BMW

by die handelaar gekoop het en dit toe weer op huurkoop

aan hom (appellant) verkoop het. (Volgens die

skriftelike ooreenkoms wat tussen Independent Leasing

en appellant aangegaan is, behou Independent Leasing

sy eiendomsreg op die BMW voor totdat die volle koopprys

aan/.....

aan hom betaal is.) Independent Leasing, sê appellant, het die handelaar R20 000 vir die BMW betaal, en die handelaar het die motor ten behoewe van Independent Leasing aan appellant gelew. As gevolg van hierdie verkoping en lewering van die BMW, sê appellant, "ownership in the vehicle passed and now exists in the second respondent" (d.w.s. Independent Leasing).

Met betrekking tot respondent se bewerings aangaande die magtiging wat sy aan die handelaar verleen het, sê appellant:

"I respectfully submit that on the applicant's own version the dealer was authorised to sell the vehicle as she put the dealer in a position to sell and transfer the vehicle to a purchaser and that it was irrelevant whether the purchaser

was/.....

was a person from Parys or anywhere else."

En ook:

"I respectfully submit that by accepting the amount of R2 400-00 the applicant has confirmed the same and must have agreed on the transfer of ownership."

Hy sê verder in hierdie verband dat respondent moes verwag het dat daar 'n oordrag van registrasie t.o.v. die BMW sou moes wees aangesien daar geen ander rede kan wees waarom sy haar registrasiesertifikaat in die hande van die handelaar sou geplaas het nie.

In paragraaf 8 van sy beëdigde verklaring

sê appellant:

".....the dealer made it quite clear that he was acting as agent for the person named in the letter 'BJP3' (d.w.s. die

hierbo/.....

hierbo aangehaalde brief van 29 Maart 1983.)

I also noticed that the vehicle was registered in the name of the dealer. I respectfully point out that it is not uncommon for a dealer to purchase a vehicle outright from the previous owner, have the same registered in the name of the dealer and it thereafter sell/to the ultimate purchaser. The purpose of this is to avoid the purchaser knowing what the dealer has paid for the car. In the present instance I was however aware that the applicant was the seller because of the contents of 'BJP3'".

in Ontleding van appellant se beantwoordende

verklaring toon dat hy sy reg om in besit van die BMW te bly, grond op die bewering dat hy die motor van die eienaar daarvan, nl. Independent Leasing, gekoop het en dat Independent Leasing dit deur middel van die

handelaar/.....:

handelaar aan hom gelewer het. Appellant beweer nie dat hy self die motor by die handelaar in sy hoedanigheid van gemagtigde van respondent gekoop het en dat Independent Leasing se tussenkoms maar net 'n metode was om geld te vind om die koopprys aan die handelaar te betaal nie. Hy verwys na die ooreenkoms tussen die handelaar en Independent Leasing as 'n onafhanklike, selfstandige transaksie, en hy beweer dat Independent Leasing eienaar van die motor geword het. 'n Ontleding van sy beantwoordende verklaring toon, meen ek, dat hy beweer dat Independent Leasing sy eiendomsreg op die motor aan die handelaar, wat die eienaar daarvan was toe hy (Independent Leasing) dit gekoop het, ontleen het. Hy sê in hierdie verband dat die handelaar die motor

aan Independent Leasing verkoop het; dat Independent Leasing die koopprys aan die handelaar betaal het; dat die handelaar die motor ten behoeve van Independent Leasing aan hom (appellant) gelewer het, en dat ingevolge hierdie verkoping en lewering eiendomsreg op die motor op Independent Leasing oorgegaan het. Daar is ook ander bewerings in die beantwoordende verklaring wat daarop dui dat appellant die handelaar as die eienaar van die BMW beskou het. Hy sê naamlik op een plek dat hy op grond van die brief van 29 Maart 1983 (hierbo aangehaal) geglo het dat respondent geregtig was "to sell the car to the dealer", en op 'n ander plek (paragraaf 8 van die verklaring, hierbo aangehaal) laat hy blyk dat hy gemeen het dat dit 'n geval was waar 'n

handelaar/.....

handelaar 'n motor "outright from the previous owner" gekoop het. (In die onderhawige geval sou respondent die "previous owner" gewees het.) Hierdie mening van appellant blyk versterk te gewees het deur die feit dat hy gesien het dat die motor in appellant se naam geregistreer was.

Dit behoeft geen betoog dat die handelaar op geen tydstip eienaar van die BMW was nie. Hy het nooit die motor by respondent gekoop nie. Hy het die motor op bedrieglike wyse vir homself toegeëien en dit toe aan Independent Leasing verkoop net asof hy eienaar daarvan was. Daar kan dus geen sprake daarvan wees dat Independent Leasing eiendomsreg op die motor van die handelaar verkry het nie.

Daar/.....

Daar is bewerings in appellant se beantwoordende verklaring dat respondent aan die handelaar magtiging verleen het om die BMW te verkoop en aan die koper daarvan te oorhandig. Met hierdie bewerings wil appellant skynbaar sê - dit word nêrens uitdruklik gesê nie - dat die handelaar as sodanige gemagtigde die BMW aan Independent Leasing verkoop en gelewer het en daardeur die eiendomsreg op die motor van respondent aan Independent Leasing oorgedra het. Appellant se advokaat in hierdie hof het betoog dat eiendomsreg op die motor op hierdie wyse van respondent op Independent Leasing oorgegaan het.

Wat hierdie magtiging betref, word op een plek in die beantwoordende verklaring gesê dat "the

dealer/.....

dealer was in fact the applicant's agent to sell the car." Met hierdie bewering wil appellant skynbaar sê dat die handelaar deur respondent gemagtig is om die BMW aan enigiemand, wie hy ook al mag wees, te verkoop en oor te dra. Op 'n ander plek word gesê dat die handelaar deur respondent gemagtig is om die motor te verkoop deurdát sy "put the dealer in a position to sell and transfer the vehicle to a purchaser and that it was irrelevant whether the purchaser was a person from Parys or elsewhere." Met hierdie stelling word skynbaar gesê dat indien die handelaar nie werklik volmag gehad het om die motor aan enigiemand te verkoop nie, respondent hom in staat gestel het om teen-

oor/.....

oor derdes die indruk te skep dat hy sodanige volmag
gehad het en dat sy gevolglik aan sy handelinge ge-
bonde gehou moet word net asof sy werklik sodanige
volmag aan hom verleen het. Appellant se advokaat het
nie in hierdie hof betoog dat die handelaar inderdaad
volmag gehad het om die BMW aan Independent Leasing
te verkoop nie, en dit sou ook nie betoog kon word nie.
Wat 'n handelaar se werklike volmag is, is 'n feitlike
vraag en die stukke toon dat die handelaar se werklike
volmag beperk was tot die sluit van 'n ooreenkoms met
iemand in Parys. Wat die kwessie van oënskynlike
volmag betref, staan appellant in die eerste plek
voor die probleem dat dit Independent Leasing was wat

met/.....

met die handelaar 'n koop-ooreenkoms aangegaan het, en
nie hy (appellant) nie. Hieruit volg dat selfs indien
bevind sou kon word dat appellant onder die indruk
gebring is dat die handelaar volmag van respondent
gehad het, dit hom nie sou kon baat nie: hy het nie
met die handelaar 'n ooreenkoms aangegaan nie, maar met
Independent Leasing. Daar is niks wat toon dat
Independent Leasing met die handelaar gekontrakteer
het op die grondslag, of in die geloof, dat die hande-
laar volmag van respondent gehad het nie. Wat die
suggesie van misleiding van appellant deur die
oënskynlike volmag van die handelaar betref, is daar
ook nog die verdere oorweging, reeds hierbo genoem,

dat/.....

dat daar bewerings in appellant se beantwoordende verklaring voorkom wat toon dat hy die handelaar as die eienaar van die BMW, wat sy eiendomsreg daarop aan Independent Leasing oorgedra het, beskou het, en nie as 'n gemagtigde van respondent wat dit namens haar verkoop en oorgedra het nie. Met betrekking tot die betoog dat eiendomsreg op die motor deur die optrede van die handelaar van respondent op Independent Leasing oorgegaan het, moet bygevoeg word dat die handelaar nooit bedoel het om namens respondent op te tree en namens haar haar eiendomsreg op die motor aan Independent Leasing oor te dra nie. Hy het hom die motor toegeëien en het dit verkoop en oorgedra asof dit sy eie was. Daar kan m.i. dus nie gesê word dat respondent op grond van

magtiging/.....

magtigting wat sy werklik of oënskynlik aan die handelaar sou verleen het om haar motor te verkoop, belet word om dit van appellant op te eis nie.

Met verwysing na die kwessie van volmag sê die appellant verder in sy beantwoordende verklaring dat indien respondent nie werklik volmag aan die handelaar gegee het nie, sy belet ("estopped") is om dit te ontken. Die vereistes vir 'n beroep op estoppel is welbekend en ek hoef nie daaroor uit te wei nie. 'n Gerieflike samevatting van ons reg oor wanneer 'n eienaar van 'n roerende saak op grond van estoppel belet kan word om sy saak op te eis, is te vind in Oakland Nominees (Pty) Ltd v. Gelria Mining & Investment Co (Pty) Ltd, 1976(1) S.A. 441(A) op bl. 452.

In/.....

In appellant se beantwoordende verklaring

is daar geen duidelike uiteensetting van die feite of

gronde waarop appellant hom vir sy verweer van estoppel

beroep nie, en ek kan daarin ook geen feite vind wat so

'n beroep regverdig nie. Enkele bewerings wat met 'n

verweer van estoppel verband hou, is reeds hierbo ge-

noem. Die eerste hiervan is die brief van 29 Maart

1983 waarin gesê word dat respondent die eienaar van

die BMW is. Hierdie brief, sê appellant, het hom daar-

van oortuig dat hy die motor kon koop sonder om die ge-

vaar te loop dat respondent later die handelaar se volmag

sou kon betwis, en ook dat respondent "was in fact in

a position to sell the car to the dealer." 'n Tweede

bewering is die algemene stelling, reeds tevore vermeld,

dat respondent "put the dealer in a position to sell and

transfer/.....

transfer the vehicle to a purchaser", en, in verband daarmee, die bewering dat respondent die handelaar in besit van die BMW se registrasiesertifikaat geplaas het.

Die eerste vraag wat in verband met appellant se verweer van estoppel ontstaan, is of hy hom hoegenaamd daarop kan beroep as dit nie hy self was wat die BMW by die handelaar gekoop het nie, maar wel Independent Leasing. Daar is geen feite wat toon dat Independent Leasing hom op estoppel sou kon beroep het nie, en in dié omstandighede ontstaan daar die verdere vraag of appellant hom daarop kan beroep as dit nie blyk dat Independent Leasing dit sou kon gedoen het nie.

Appellant se advokaat het ons nie oor hierdie en dergelike vrae wat sou kon ontstaan, toegesprek nie, maar ek meen

nie/.....

nie dat dit nodig is om daarop in te gaan nie. Al sou 'n mens aanvaar dat die feit dat dit Independent Leasing was wat met die handelaar gekontrakteer het, en nie appellant nie, appellant regtens nie sou verhinder om 'n verweer van estoppel teen respondent op te werp nie, sou so 'n verweer nie kon slaag nie. Appellant steun skynbaar op die brief van 29 Maart 1983 as 'n faktor wat hom sou mislei het, maar in der waarheid sê hy in verband daarmee niks meer nie as dat dit hom daarvan oortuig het dat respondent die eienaar van die BMW was en dat daar dus nie gevaar bestaan het dat iemand anders dit as sy eiendom sou kon opëis as hy (appellant) dit sou koop nie. Verder kan kwalik gesê word dat respondent in hierdie brief - al sou 'n mens veronderstel

dat/.....

dat appellant geregtig was om te dink dat dit namens respondent geskryf is - voorgee dat sy aan die handelaar volmag verleen het om die BMW namens haar te verkoop.

Ook die feit dat die handelaar die motor se registrasiesertifikaat in sy besit gehad het, hou nie in dat respondent voorgee het dat die handelaar die motor aan enigeen

kon verkoop en oordra nie. Dit kon met die oog op 'n

besondere transaksie aan hom gegee gewees het - soos

inderdaad gebeur het. Afgesien hiervan toon die feite

van die saak na my mening dat appellant nie, soos deur

hom gesuggereer word, deur optrede van die kant van

respondent mislei is om die motor te koop nie, maar wel

dat, indien hy mislei is, dit weens die bedrieglike optrede van die handelaar geskied het. Die handelaar

het/.....

het, soos reeds gesê, eiendomsoordragvorms ten opsigte van die motor op sy naam laat registreer, net asof hy die eienaar daarvan was. Hy het die registrasiesertifikaat, wat aangedui het dat die motor op sy naam ge-registreer was, aan appellant getoon, en appellant het onder die indruk gekom dat die handelaar die motor by die "previous owner" gekoop het en die eienaar daarvan geword het. Hierdie valse indruk, wat daartoe gelei het dat appellant (soos hy sê) die motor by Independent Leasing gekoop het in die geloof dat laasgenoemde die eienaar daarvan was, is deur die bedrog van die handelaar veroorsaak, en nie deur optrede van die kant van respondent nie.

Wat appellant se verweer van estoppel be-

tref/.....

tref, kan ten slotte bygevoeg word dat in sy beantwoordende verklaring niks oor die kwessie van nalatigheid van die kant van respondent gesê word nie. Daar is namens appellant betoog, met 'n beroep op die minderheidsuitspraak in Johaadien v. Stanley Porter (Paarl) (Pty) Ltd, 1970

(1) S.A. 394(A), dat in 'n/soos ^{geval} die onderhawige nalatigheid nie 'n vereiste vir die bestaan van estoppel is nie, maar dat indien bevind sou word dat daar wel bewys van nalatigheid moet wees, die stukke toon dat respondent wel nalatig was. In die lig van wat in die paragraaf hierbo gesê is, vind ek dit nie nodig om hierdie betoog te bespreek nie.

Appellant het hom in hierdie hof sowel as in die hof a quo op 'n verdere verweer beroep wat nie

in/.....

in sy beantwoordende verklaring geopper word nie.

Daar is naamlik betoog, met 'n beroep op wat in Morum

Bros. Ltd v. Nepgen, 1916 CPD 392 gesê is, dat daar in

ons reg 'n reël bestaan dat wanneer die eienaar van 'n

roerende saak dit aan 'n "agent for sale" of faktoer

vir die doel van verkoop toevertrou en die verkoops-

agent of faktoer die saak dan aan 'n bona fide koper

daarvan lewer, die eienaar nie sy saak van die koper

kan opeis nie tensy hy die koper vergoed vir die prys

wat hy vir die saak betaal het, al het die verkoopsagent

of faktoer die saak vir sy eie voordeel verkoop en die

koopprys in sy eie sak gesteek. By die toepassing van

hierdie reël, lui die betoog verder, word daar, anders

as in die geval van estoppel, nie vereis dat daar na-

latigheid/.....

latigheid aan die kant van die eienaar moes gewees het
 nie. Indien hierdie reël op die feite van die onder-
 hawige saak toegepas word, is daar aangevoer, het
 respondent nie 'n rei vindicatio nie. (Wat die uit-
 drukking "agent for sale" betref, blyk dit dat diegene
 wat in Latyn oor die onderwerp geskryf het, gewoonlik
 die woord institor gebruik het. In geskrifte in
 Nederlands kom die woord "makelaar" - soms ook "maakklaar"
 geskryf - meermale in hierdie verband voor. In Latynse
 geskrifte word 'n faktoer gewoonlik proxeneta genoem.
 Die gebruik van hierdie woorde was egter, soos dit my
 voorkom, nie uniform nie. Kersteman, Aanhangsel, s.v.
reivindicatie, noem 'n faktoer ook institor.)

Dit ly geen twyfel dat daar in die sewen-
 tiende eeu in Holland 'n reël van bogemelde aard bestaan

het nie, maar ek sou huiwer om te sê dat daar vandag
 volkome duidelikheid oor die presiese inhoud en toepassing
 van die reël bestaan. Daar is ook die vraag of die
 reël deel van ons reg in Suid-Afrika geword het, of as
 deel van ons reg erken moet word, gesien veral die be-
 staan van die leerstuk van estoppel soos in ons regspraak
 erken, asook die beginsels van ons verteenwoordigingsreg.
 Die benadering van die hof a quo, kan in hierdie verband
 gesê word, was dat die reël nie 'n te wye uitwerking
 toegelaat moet word nie; dat in elke geval bepaal moet
 word "whether, according to the principles of agency,
 the agent or factor had apparent or ostensible authority
 to deal with the property", en dat, uitgesonder die feit
 dat die reël nie bewys van nalatigheid aan die kant van
 die eienaar vereis nie, dieselfde beginsels as wat by

estoppel geld, toegepas moet word.

Daar is nog net twee beslissings in ons regspraak waarin die bogemelde reël breedvoerig bespreek is, nl. Adams v. Mocke, 23 S.C. 782 en Morum Bros. Ltd v. Nepgen, supra.

Daar is kort verwysings na die reël in 'n paar meer onlangse sake, nl. Ross v. Barnard, 1951(1) S.A. 414(T), op bl. 418

E; Grosvenor Motors (Potchefstroom) Ltd v. Douglas, 1956(3)

S.A. 420 (A), op bl. 426 C-D; Electrolux (Pty) Ltd v. Khota and Another, 1961(4) 244(W), op bl. 246 G (die paar woorde

wat tussen hakkies voorkom), en Blackwood Hodge South Africa

(Pty) Ltd v. Elco Steel Dealers, 1978(3) S.A. 852 (T) op bl.

856 G. Die volledige bespreking van die reël in ander

regspublikasies is, sover ek weet, te vind in bylae 2 van

band 2 van die 2de uitgawe van Sir John Kotzé se ver-

taling van Van Leeuwen se Rooms-Hollands-Regt (bls. 621-

626). Kyk ook R.W. Lee An Introduction to Roman-Dutch Law, 5de uitg. (1953), Appendix E ("The Limits of the Jus Vindicandi"); M.D. Blecher, "Negligence, Estoppel and the Rei Vindicatio", 1977 S.A.L.J. 1; Amicus Curiae, "The Vindictory Action and Its Limitations", 1977 S.A.L.J. 256, en A.J. Kerr, "Estoppel and the Rei Vindicatio: Brokers, Factors and Agents for Sale", 1977 S.A.L.J. 260.

In Adams v. Mocke, supra, verwys De Villiers, HR, na wat Groenewegen, Van Leeuwen, Voet en Van der Keessel sê oor beperkings - waaronder die reël hier ter sprake - wat daar op 'n eienaar van roerende sake se jus vindicandi bestaan, en hy wys ook op 'n aantal

hofbeslissings/.....

hofbeslissings waar die reël ter sprake was. Soos in die uitspraak aangetoon word, beklemtoon Voet in 6.1.12 die wye erkenning van die Romeinsregtelike rei vindicatio-reël in die reg van sy tyd, maar wys hy terselfdertyd ook daarop dat in baie gebiede daar ingevolge gewoonte-regsreëls of plaaslike verordeninge beperkings op die rei vindicatio-reël erken is.

Voet sê hieroor o.m.:

"Atque ita, cum institorum ac proxenetarum maximus in mercatura usus sit atque utilitas, nec sine his satis recte procedat; non mirum, id passim fere servari, quod hi res dominorum suae commissas fidei distrahentes aut obligantes, dominis noceant, easdem non nisi pretio reddito aut soluto debito recuperaturis.... Caeteroquin a jure Romano haud esse hac in parte devianandum arbitrantur....".

Nadat/.....

Nadat De Villiers, HR, gelet het op wat Voet en die ander gemelde skrywers oor die reël sê, en ook verwys het na sekere beslissings waar die reël ter sprake was, sê hy die volgende oor die beginsel wat ten grondslag van die reël lê (bl. 787):

".... the underlying principle ... I have found is this, that it would be inequitable that an owner, who has led others into the reasonable belief that the person to whom he has entrusted his goods is entitled to dispose of them, should be allowed to recover such goods from a person who has acquired them honestly and for value, unless the owner tenders to repay such value."

Wat die werking van die reël en die grondslag van sy erkenning betref, is dit miskien nuttig om op die volgende passasie in casus 9 van Loenius se

Decisien en Observatien (uitg. Boel) te wys (genoem op

bl. 786 van Adams v. Mocke):

"Werd binnen de Stad Amsteldam als een Coustume geobserveert, dat wanneer een Koopman zijn goederen en koopmanschappen steld in handen van zijn Faktoor, om de selve voor hem elders te transporteeren, te verhandelen, te verkoopen, of andersints te beneficieeren, en de Factoor daar in maliverseert, de selve goederen van zijn meester in proprios usus invertteerende, en sulx in effecte furtum committeerende: Dat de selve goederen, zynde gekomen in handen van een derde, die de selve by titul van koop of anders verkregen heeft, by of van wegen den Koopman, van een derde, die de selve also verkreegen heeft, niet mogen werden gevindiceert, gelyk als na regten res furtivae: Maar heeft den Koopman alleen personeele actie tegen zijn Faktoor.

De reden is, om dat hy die goederen den Factoor heeft vertrouwt."

De Villiers, HR, wys verder daarop dat

Antonius Matthaeus in sy Paroemiae (no. 7, para. 7) sê

dat/.....

dat die reël in die belang van die handel (commerciorum utilitas) ingevoer is, maar dat sulke reëls wat inbreuk maak op 'n eienaar se reg om sy goed op te eis, baie streng (strictissime) geïnterpreteer moet word.

Die hof het in Adams v. Mocke beslis dat vanweë die feite van die saak die bogemelde reël nie van toepassing was nie, maar dit blyk duidelik dat indien die getuienis sou getoon het dat die persoon van wie die verweerder die eiser se perd ingevolge 'n ruiltransaksie verkry het 'n handelaar in perde was, die hof die eiser sy rei vindicatio sou ontsê het, tensy hy bereid sou gewees het om die verweerder te vergoed vir wat hy vir die perd gegee het. (Kyk bl. 788 ad fin. en bl. 789 van die hofverslag.)

In Morum Bros. Ltd v. Nepgen, supra, was

daar, net soos in Adams v. Mocke, 'n bespreking van die

bogenoemde reël met verwysing na sekere skrywers en 'n

aantal hofbeslissings waar die reël ter sprake was.

Juta, RP, sê in sy uitspraak dat die reël behels het

dat "in the case of goods being entrusted to an agent

for sale or a factor" 'n eienaar nie sy goed kon opeis

nie "if the person to whom they were entrusted improperly

alienated or pledged them" (bl. 397). Hy het egter

nie sy beslissing op die toepaslikheid al dan nie van

die reël op die feite van die saak wat voor die hof ge-

dien het, gegrond nie. Hy het, ná sy bespreking van

die reël, voortgegaan om na 'n aantal sake wat op grond

van estoppel beslis is, te verwys, en het toe bevind

dat die feit dat die eienaar sy perd toevertrou het

aa7.....

aan iemand wat 'n perde-spekulant was maar wat terselfdertyd
 ander soorte sake gedoen het, nie voldoende was om die
 derde wat die perd by hom gekoop het onder die indruk
 te bring dat hy "the true owner" van die perd was nie
 (bl. 403). Daar is gevolglik bevind, sonder dat daar
 weer na die reël verwys is, dat die eienaar van die perd
 nie op grond van estoppel belet was om sy perd op te
 eis nie. Waarnemende regter De Villiers (later regter-
 president in die Vrystaat) se uitspraak het net oor die
 vraag van estoppel gegaan.

In Ross v. Barnard, supra, en Grosvenor
Motors (Potchefstroom) Ltd v. Douglas, supra, is na die
 bogemelde reël verwys asof dit deel van ons reg is, maar
 die aangeleentheid is nie bespreek nie. In albei sake
 is net na Morum Bros. Ltd v. Nepgen, supra, verwys. In

die Electrolux-saak, supra, is daar, soos reeds gesê, slegs in enkele woorde na die reël verwys. Die saak is op grond van estoppel beslis. In die Blackwood Hodge-saak, supra, is na die reël verwys asof dit deel van ons reg is, maar die aangeleentheid is nie bespreek nie en die hof se beslissing is daarop gegrond dat 'n verweer van estoppel nie bewys is nie.

Ek vind dit nie nodig om te beslis oor die vraag of, of tot welke hoogte, die bogemelde reël deel van ons reg is of wat die presiese inhoud daarvan is nie, aangesien ek daarvan oortuig is, soos hieronder sal blyk, dat die reël soos in Adams v. Mocke en Morum Bros. Ltd v. Neppen genoem, waarop appellant hom beroep, nie in die onderhawige geval toegepas kan word nie en respondent dus nie belet om die BMW op te eis nie. Ek sal ten gunste van appellant aanvaar dat die handelaar in hierdie saak as 'n "agent
bedoel)
for sale" (soos in die pas gemelde twee sake/beskou kan word.

Daar/.....

Daar is tereg nie betoog dat hy as 'n faktoer aangesien kan word nie. Ek sal ook aanvaar, sonder om oor die vraag te beslis, dat die handelaar respondent se "agent for sale" geword het op die oomblik toe sy haar motor aan die handelaar toevertrou het, al sou dit ook wees dat die handelaar besit van die motor op valse voorwendsels verkry het en nooit bedoel het om namens respondent op te tree nie, of dat, indien hy dit nie aanvanklik so verkry het nie, hy hom die motor in ieder geval toegeëien het voordat appellant dit die eerste maal te sien gekry het. Die redes waarom ek meen dat appellant nie op die reël kan steun nie, word hieronder genoem.

Die reël plaas 'n beperking op 'n eienaar

se/.....

se rei vindicatio waar hy sy saak aan 'n institor toe-

vertrou en die institor dan die saak aan 'n bona fide

derde verkoop en lewer. Die bona fide derde se besit

is teen die eis van die eienaar van die saak beskerm.

In die onderhawige saak het appellant nie respondent

se motor by die persoon aan wie sy dit toevertrou het,

gekoop nie. Dit was Independent Leasing wat die motor

by die handelaar gekoop het, en appellant het dit weer

by Independent Leasing gekoop. (Soos reeds hierbo

gesê is, is dit nie appellant se saak dat Independent

Leasing se rol sodanig was dat hy (appellant) gesien

moet word as die persoon wat die motor by die handelaar

gekoop het nie.) Daar is niks bekend wat 'n bevinding

sou kon regverdig dat Independent Leasing as 'n bona fide

koper beskou moet word nie, en appellant sal derhalwe ook nie kan sê dat sy besit van die motor beskerm moet word omdat hy dit aan 'n bona fide koper en besitter ontleen nie.

Daar is nog 'n verdere oorweging. Selfs indien appellant as die persoon wat die motor by die handelaar gekoop het, beskou sou kon word, het 'n mens die posisie dat hy sê dat hy 'n brief, gedateer 29 Maart 1983, gesien het waarin verklaar word dat respondent die eienaar van die motor is en dat hy derhalwe geweet het dat sy "the seller" was, maar dat hy ook te kenne gee dat hy die handelaar, in wie se naam die motor geregistreer was, as eienaar van die motor, wat toe sy eiendomsreg daarop aan Independent Leasing oorgedra het,

aangesien/.....

aangesien het. In hierdie omstandighede kan appellant kwalik beweer dat hy beskou moet word as iemand wat die motor gekoop het omdat hy mislei is deur die feit dat respondent die handelaar in besit daarvan gestel het. In die omstandighede kan na my mening nie gesê word dat dit onbillik sou wees om appellant te gelas om die motor aan respondent af te gee nie. (Kyk die hierbo aangehaalde passasie in Adams v. Mocke oor die beginsel wat ten grondslag van die reël lê.)

Die appèl word met koste afgewys.

P J RABIE

HOOFREGTER.

KOTZÉ, AR.

JOUBERT, AR.

BOTHA, AR.

GROSSKOPF, AR.

Stem saam.